# KONINKRYKSTYD

**Augustus is Barmhartigheidsmaand en Vrouemaand.**
Laai die DinkJeug Families app af. Luister, lees, gesels en bid saam.



## HUISGELOOF

## NOOI
## MATT 15 EN HAND 16

### OMGEE
Was jy al ooit nuut of vreemd of 'n plek? Wie het jou laat welkom voel? Wat het hulle gedoen om jou te nooi om deel te wees of tuis te kom? Vertel vir mekaar.

### GESELS
Die verhaal van Jesus met die Kanaänitiese vrou vertel hoe Jesus mense raakgesien en ingesluit het. Een van die voorbeelde in die Bybel van 'n vroueleier wat gasvry was en mense ingenooi het, was Lidia.

**Lees: Matt 15:21-28 en Hand 16:11-15, 40**

- Hoe het die Kanaänitiese vrou gevoel?
- Hoekom het Hy haar gehelp?
- Wat staan vir jou uit in die verhaal van Lidia (Hand 16)?
- Lidia was ryk. Hoekom het sy haar huis vir ander oopgestel?

### DOEN
Nooi iemand (nuut) vir ete, koffie, speel of 'n kuier. Dit kan bure, 'n nuwe gesin of iemand wat jy nie goed ken nie, wees.

### BID
Lidia het pers wolmateriaal verkoop, dit was baie duursaam. Soek iets **pers** en hang dit aan die deurknop van jou kamerdeur as 'n herinnering om soos Lidia vriendelik te wees.
Here, help my om ander raak te sien en vriendelik te wees.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: